# 34. SAALOPENING: Keuses – Hoërskool

## Ysbreker:

Maak ‘n lys van ‘n klomp “would you rather” vrae. Soos jy die vrae vra, laat jy dit kinders in die saal hulle hande opsteek watter een van die twee keuses hulle verkies.

## Gesels oor die ysbreker:

1. Het julle die ysbreker geniet?
2. Wie van julle hou daarvan om keuses te maak?
3. Wie van julle dink julle maak goeie keuses?

## Inleiding:

Ons moet elke dag keuses maak.

Party keuses is maklik, en ons dink nie eintlik daaroor nie, ons doen dit net bv. om jou hare te kam, jou tande te borsel, op te staan om skool toe te gaan ens.

Hierdie is die MAKLIKE keuses wat ons elke dag moet maak, maar daar is ook elke dag ‘n klomp moeilike keuses wat NIE so maklik is nie.

Om vir jou ouers te jok oor waar jy is. Om te rook of te drink. Om iets te steel. Om iets saam met jou vriende te doen wat verkeerd is ens.

### Video Clip:

Hier is ‘n paar video clips waaruit jy kan kies, afhangende van wat jou boodskap oor keuses is.

https://youtu.be/-udEJx2c5zE

https://youtu.be/3dQf7dQ_y4M

## Toepassing:

Soos ons nou gehoor het is keuses belangrik. Van die onbelangrikste waaroor jy nie dink nie, tot die wat jou lewe kan verander. Dis daarom so belangrik om REG te kies, VERAL die belangrike keuses.

Moenie haastig wees om ‘n keuse te maak as dit belangrike gevolge vir jou of vir iemand anders kan hê nie. Vat jou tyd en maak seker jy maak die REGTE keuse!!!

As jy sukkel om reg te kies probeer aan die volgende dink om jou te help:

- Gaan jou keuse jou lewe beter of slegter maak?
- Kan jy later spyt wees oor jou keuse, of sal jy daarmee kan saamleef?
- Wat gaan die belangrike mense in jou lewe van jou keuse sê?
- Hoe sal jy voel as iemand dit aan jou doen?
- Voel jy 'lekker' hier binne oor dit wat jy gaan doen, of is jy bang iemand gaan uitvind en jy gaan in die moeilikheid daaroor kom?
- Gaan dit iemand seermaak? (ook vir jou)
- Wat sal 'n volwassene wat jy vertrou sê oor dit wat jy gaan doen?

## Wat sê die Bybel oor keuses maak?

Spreuke 3:5-6 (Die Boodskap) Moenie dink jy weet altyd die beste nie. Begin eerder elke dag weer van voor af om die Here lief te hê. En los tog al die slegte en verkeerde dinge. Vertel die Here alles waaroor jy dink, alles wat jy wil doen. Dan sal jy sien hoe Hy jou help.

Ons moet God vra om ons te help om goeie keuses te maak, want Hy belowe dat Hy ons sal help as ons Hom vra.

## Sluit af met gebed

Hieronder is die skakel na 'n baie oulike les wat jy in die klas met jou kinders kan doen oor keuses. Daar is heelwat vragies asook aktiwiteite wat jy vir vaslegging kan doen:

https://www.goodcharacter.com/elementaryschool/doing-the-right-thing/

**“Would you rather” vrae:**

1. Oormoffies dra of ‘n neusplug?
2. 30cm langer wees of 20cm korter?
3. ‘n diepseer duiker wou wees of ‘n ruimtevaarder?
4. ‘n hond met die naam ‘Killer’ wou wees of ‘n kat met die naam ‘fluffy’?
5. ‘n reuse hamster wou wees of ‘n miniatuur renoster?
6. Tyd wou stop of tyd wou laat vlieg?
7. ‘n slurp soos olifant wou hê of ‘n lang nek soos ‘n kameelperd?
8. Geen hare op jou hele lyf wou hê of hare orals op jou lyf?
9. Onsigbaar wou wees of gedagtes wou lees?
10. Jou troeteldier opgee of jou selfoon?
11. Een vinger minder hê of een toon meer?
12. X-ray oë wil hê of bioniese ore?
13. ‘n bo-op ‘n krap trap of ‘n jellyvis soen?
14. Sonder TV wou wees of sonder musiek?
15. Mense se gedagtes wou kon lees of kon vlieg?
16. Vir ‘n week aan jou ma vasgebind wou wees of vir ‘n maand in die tronk wou wees?
17. In ‘n swembad van jelly spring of ‘n swembad van mashed potatoes?
18. Lelik en ryk wou wees of mooi en arm?
19. Alleen op ‘n einland gestrand wou wees of op ‘n eiland saam met iemand wat jy haat?
20. ‘n handvol hare wou weet of drie publieke toilette wou uitlek?
21. R10 miljoen  wou vind of ware liefde?
22. Net wou kon skree of net wou kon fluister?
23. Die dokter of die tandarts wou besoek ?
24. Wou bad of wou stort?